## Safari & Outdoor/SAJWV Presidentskietkompetisie 2015

Deur: André van der Merwe

Bestuurder: Tak-en Skietsake

Die Safari & Outdoor/SAJWV Presidentskietkompetisie is op 26 September 2015 baie suksesvol aangebied deur die Baviaanspoort tak op die Generaal Piet Joubert skietbaan ongeveer 40 km noord van Pretoria.

Lugspieëling (“mirage”) toestande wanneer die temperatuur begin styg en dit warm word het die Piet Joubert skietbaan oor die jare berug gemaak by skuts. Met ‘n skietkompetisie soos die Presidentskiet is die uitdaging vir die organiseerders altyd om te poog dat die deelnemers in dieselfde toestande skiet, indien moontlik. Die organiseerders het die 128 skuts wat deelgeneem het versprei oor drie skietbane wat elkeen ongeveer 50 skuts kan akkommodeer en die speelveld was dus gelyk, met almal wat gelyktydig aan ‘n skietoefening deelgeneem het. Die Vlakte-skietoefening wat oor langer afstande (tot maksimum 300m) plaasvind was reeds teen 10h00 afgehandel en die negatiewe effek van die lugspieëling was nie te groot nie. Die wind was ook nie te veel van ‘n faktor nie en dit was dus ‘n heerlike dag vir skiet met die elemente wat goed saamgespeel het. Die Bosveld skietoefening was teen 11h00 afgehandel en so ook die kompetisie vir die dag en die skuts het na Inyathipark vertrek waar die prysuitdeling en ete later die middag plaas gevind het.

Die Presidentskietkompetisie op streek- en nasionale vlak is vanjaar vir die eerste keer geskiet met 3 ekstra skote uit die vryhand sitposisie op 100m vir die Vlakte skietoefening en 3 ekstra snapskote op 50m vir die Bosveldskietoefening (vir ‘n totaal van 24 skote vir die kompetisie). Op die dag was dit duidelik dat hierdie ekstra skote die moeilikheidsgraad van die kompetisie drasties verhoog het. Die kommentaar na die tyd van heelwat skuts was dat indien dinge skeefgeloop het, was dit dikwels met hierdie vryhand skietposisies. Die Bosveld skietoefening is die laaste skietoefening van die dag en die twee vryhand staan skietoefeninge met 3 skote elk op 50m is die laaste 6 skote vir die dag en dit verhoog die druk aansienlik op die skuts. ‘n Skut moet dus baie mooi moet konsentreer om nie hier ‘n potensieel goeie telling te bederf nie!

Baie geluk en baie dankie aan Baviaanspoort tak vir hulle gasvryheid, professionele baanoffisiere, vriendelike administratiewe personeel en die afsluiting met ‘n heerlike ete en prysuitdeling!

Die aangename verassing van die dag was die uitstekende prestasie van die 14-jarige Herman Nieuwoudt van Bloemfontein tak en wat daarmee ook die algehele wenner vir die dag was en dus ***die SAJWV se Kampioenskut vir 2015***! Hierdie jongman het die Top 100 skuts van SA Jagters uitgestof met ‘n telling van 700.17 uit ‘n moontlike 720.24 wat beteken dat 17 van sy 24 skote ook V-kolle was! Baie geluk aan Herman en sy ouers Neels en Ilze wat die prestasie op die dag met hul seun kon deel!

Kampioenskut saam met sy ouers: v.l.n.r. Neels, Herman en Ilze Nieuwoudt

Wat ‘n plesier om die ontwikkeling van jong skuts in SA Jagters dop te hou met verskeie juniors wat die afgelope paar jaar baie goed vaar op die skietkompetisies! Let op dat daar drie juniors onder die eerste 11 plekke is!

Top 20

| No | | | ***Tak*** | ***Klas*** |
|---|---|---|---|---|
| 1 | H | Nieuwoudt | Bloemfontein | ***Onder 18*** |
| 2 | AR | Oosthuizen | Schweizer | Ope klas |
| 3 | JJ | Bester | Makwepa | Ope klas |
| 4 | A (jnr) | Knoetze | Kwagga | Ope klas |
| 5 | D | Bekker | Lammergeier | ***Onder 18*** |
| 6 | P | Marais | Baviaanspoort | Ope klas |
| 7 | M | Swanepoel | Tembo | Ope klas |
| 8 | GJ | De Beer | Centurion | Ope klas |
| 9 | AP | Conradie | M Bosveld | Ope klas |
| 10 | JB | Steyn | Riemland | Ope klas |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 11 | J | Ferreira | Kwagga | ***Onder 18*** |
| 12 | PG | Bekker | Lammergeier | Ope klas |
| 13 | PL | Van Tonder | Pretoria Oos | Ope klas |
| 14 | GJ | Hattingh | Oosrand | Ope klas |
| 15 | AJ | Strauss | Makwepa | Ope klas |
| 16 | WJA | Kriel | Genl De la Rey | Ope klas |
| 17 | P | De Bruyn | Makwepa | Ope klas |
| 18 | T | Pienaar | Pretoria Oos | Ope klas |
| 19 | A | Smith | Grysbok | Ope klas |
| 20 | AL | Van Lingen | Baviaanspoort | Ope klas |
| | | | | |

Tydens die kompetisie het 42 skuts gekwalifiseer vir die nasionale Platinum toekenning.

Baie dankie aan ***Safari en Outdoor*** wat die dag geborg het met R30 000 se geskenkbewyse aan die plekwenners in die vier klasse! Safari en Outdoor se personeel onder leiding van Stefan van der Linde was ook heeldag teenwoordig op die skietbaan en by die prysuitdeling met gratis promosie items en uitstallings van gewere en teleskope.

v.l.n.r. Stefan van der Linde (Safari & Outdoor): **Top 3 in Ope klas**: AR Oosthuizen (2 de), H Nieuwoudt (Kampioen), JJ Bester (3 de)

v.l.n.r. Stefan van der Linde (Safari & Outdoor): **Top 4 Juniors**: H Nieuwoudt (1 ste), D Bekker (2 de), J Ferreira (3 de), M Schoeman (4 de)

v.l.n.r. Stefan van der Linde (Safari & Outdoor): **Top 3 dames**: M Yssel (1 ste), Y Tsao (2 de) (afwesig), Y Aggenbach (3 de)

v.l.n.r. Stefan van der Linde (Safari & Outdoor): **Top 3 seniors**: AP de Waal (2 de), NB van Dyk (1 ste), P Bester (3 de)